

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

RELIGIESTUDIES P2

2019

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie riglyne bestaan uit 16 bladsye.

VRAAG 1

- 1.1
- Portuurgroepedruk: Kinders word maklik deur ander beïnvloed, óf positief óf negatief.
 - Armoede: Kinders word maklik met geld verlei. Daarom word hulle deur dwelmhandelaars gebruik om dwelmmiddels by skole te verkoop.
 - Swak bestuurstelsels: Skole wat nie 'n doeltreffende veiligheidbeleid en gedragskode het nie, ervaar 'n ernstige dwelmprobleem.
 - Gebrek aan sekuriteit: Die meeste skole het nie streng sekuriteit nie. Dwelmmiddels kry maklik toegang tot hierdie terreine.
 - Vorm van vermaak: Kinders raak betrokke by dwelmmiddels as 'n vorm van vermaak (hoog voel).
 - Gebrek aan ouerleiding: Swak ouerskap lei tot swak gedrag by kinders, middelmisbruik ingesluit.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

Indien die kandidaat ten minste vyf oorsake gelys het, moet 'n maksimum van VIER punte toegeken word,

Indien minder as vyf oorsake gelys is. Word dit NIE gekrediteer nie.

(10)

- 1.2
- LET WEL: As negatiewe gevolge gelys word, moet dit krediet kry. Die Skoolprestasie word negatief beïnvloed a.g.v. hoë voorkoms van stokkiesdraai en afwesigheid.
 - Leerders wat betrokke is by middelmisbruik word opskoppers.
 - Gevalle van diefstal, geboelie en vandalisme word dikwels by skole gerapporteer. Hierdie misdade word deur middelmisbruik aangewakker.
 - Die owerheid bestee baie geld aan die opknop en herstel van skole a.g.v. vandalisme.
 - Dwelmverslaafdes word 'n las vir beide skool en familie.
 - Party tienerswangerskappe wat aangemeld word, hou verband met middelmisbruik.
 - Die meeste gevalle van konflik tussen onderwysers en leerders is die gevolg van middelmisbruik. Leerders wat middels misbruik kan gewelddadig wees teenoor ander leerders en onderwysers.

(10)

LET WEL: Indien Negatiewe Gevolge gelys word, moet dit krediet kry..

- 1.3
- Godsdienstige organisasies moet die jeug aanmoedig om aan gesondheids- en sportprogramme deel te neem.
 - Godsdienstige gemeenskappe moet werksinkels oor middelmisbruik-bewustheid hou.
 - Hulle moet met gemeentelide/volgelinge praat en die gevare van middelmisbruik verduidelik. Relevant godsdienstige leringe moet beklemtoon word.
 - Relevante religieuse leringe moet beklemtoon word.
 - Godsdienstige organisasies moet met gemeenskapspolisiëringsforums saamwerk om onaangekondigde soektogte in skole te hou.
 - Dwelmmiddels moet by die polisie gerapporteer word aangesien hulle in die gemeenskap woon.
 - Die organisasies moet ook die voorheen verslaafdes na werksinkels nooi sodat diegene wat nie geaffekteer word nie ook van die gevolge bewus kan word.
 - Moedig jeugdebatte in die gemeenskap aan waar die jeug kan debatteer oor oplossings vir dwelmmisbruik.

- Godsdienstige organisasies moet plaaslike die munisipaliteit en gesondheidsdepartement nader om rehabilitasiesentrums te stig om verslaafdes te help.
- Hulle moet daarop aandring dat 'n alkohol-en-dwelmmisbruik-toonbank by alle polisiestasies moet wees wat deur die provinsiale regerings befonds word. Dit sal middelmisbruik holisties teiken.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(14)

1.4 **VOORBEELD 1: CHRISTELIKE GODSDIENS**

- 'Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul' (Ef. 5: 18).
- Dit beteken dat middelmisbruik veroorsaak dat jy kwesbaar word vir enige soort swak gedrag.
- 'Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie' (I Kor. 6: 19).
- Dit beteken dat jy jou eie liggaam as heilige tempel wat aan God gewy is, moet respekteer.
- 'Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie, waarom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie?' (Jes. 55:2)
- Dit beteken dat om geld aan dwelmmiddels te bestee, geen voordeel het nie en dat dwelmmiddels nie 'n noodsaaklike uitgawe is nie.
- Almal wat hulle liggame heilig hou, moet wegbly van enige vorm van middelmisbruik.
- '... afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al derglike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.' (Gal. 5: 21).
- Almal wat by middelmisbruik betrokke is, sal nie die koninkryk van God binnegaan nie, middelmisbruik is sonde.
- 'Wyn maak jou ligsinnig, drank laat jou lawaai maak' (Spr. 20: 1).
- Middelmisbruik is verbode want dit maak individue arrogant en gewelddadig.
- 'Ellende wag vir dié wat helde is by wyndrinkery, dapper by die meng van hulle drank' (Jes. 5:22)
- Dit beteken dat Christene gewaarsku word om nie alkohol en dwelmmiddels te gebruik nie.

VOORBEELD 2: BOEDDHISME

- Boeddhisme leer dat individue die waarheid oor die menslike belewenis wat binne hulleself lê, moet ontdek. Daarom word mense verbied om enige hallusogeniese dwelmmiddels te gebruik.
- Meditasie is ook noodsaaklik in Boeddhisme, want dit help om insig en wysheid te bekom. Middelmisbruik meng met meditasie in.
- In Boeddhisme word nugterheid van die denke sterk aanbeveel.
- Oplettendheid en noulettendheid is belangrik om verligting te bereik wat die hoogste doel van Boeddhisme is.
- Middelmisbruik word verdoem; dit verhinder die bereiking van verligting.
- Dit is op hierdie basis dat middelmisbruik in Boeddhisme verbied word.
- Boeddhisme veroordeel ook enige middel wat die liggaam kan skade doen.
- Die Boeddha het geleer dat om 'n sedelike/morele lewe te lei, selfdisipline en selfbeheersing bring. Dit is nodig om begeerte te stop.
- Die Boeddha het geleer dat die mense slegs deur die Agtvoudige Weg te volg jouself nie aan iets kan verkleef nie en jouself van die pynlike ervaring van hergeboorte kan bevry. Dwelmmisbruik is een voorbeeld van die pynlike ervaring van verkleefdheid.

(16)
[50]

VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 **VOORBEELD 1: CHRISTELIKE GODSDIENS** maksimum
- Christene glo dat mense na die beeld van God geskape is.
 - Hulle is dus die hoogste vorm van God se skepping.
 - Mense is God se verteenwoordigers in die wêreld.
 - Hulle is die opsigters/toesighouers van God se wêreld.
 - Adam is beveel om na die Tuin van Eden en die hele skepping om te sien.
 - God het mense aangestel om na Sy eiendom om te sien, d.i. die hele wêreld.
 - Mense moet aan God rekenskap gee vir wat hulle ook al met Sy skepping doen.
- (10)
- LET WEL:** Ander relevante antwoorde moet krediet kry
- ‘n Maksimum van 8 punte mag toegeken word indien of die Plek of die Verantwoordelikheid nie bespreek is nie.**
- 2.1.2 • Volgens die Christelike godsdiens het God nie boosheid geskep toe Hy die wêreld geskep het nie.
- Hy het 'n perfekte wêreld en perfekte menslike wesens.
 - Boosheid is later bekendgestel toe Adam en Eva God se bevele verontagsaam het.
 - Christelike geskrifte noem hierdie tipe ongehoorsaamheid 'sonde' en glo dat boosheid van Satan kom.
 - Christene glo dat sonde dikwels deur Satan gebruik word om die mens te mislei.
 - Wanneer Satan boosheid gebruik, veroorsaak dit onenigheid en onmin tussen mense.
 - Boosheid vernietig die gemeenskap wat tussen God en mense bestaan.
- (14)
- LET WEL:** Ander relevante antwoorde moet krediet kry.
- ‘n Maksimum van 10 punte kan toegeken word indien Of die Oorsprong Of die Rol nie bsprek is nie.**

- 2.1.3
- Christene glo dat menslike wesens as onsterflik geskep is.
 - Dit beteken dat hulle geskep is om vir ewig te lewe.
 - As gevolg van Adam en Eva se ongehoorsaamheid het God verklaar dat die mensdom die dood (sterflikheid) sou ervaar.
 - Christene glo dat daar twee tipes dood is, fisiese dood en geestelike dood.
 - Hulle glo dat Jesus Christus na die aarde gekom het, vir mense gely en gesterf het sodat almal van geestelike dood bevry kan word.
 - Jesus Christus het nie in die wêreld gebly nie, maar op die derde dag uit die dood opgestaan.
 - Die Christelike geloof staan vir geloof in die opstanding van die mensdom.
 - Christene voorsien 'n nuwe gemeenskap wat deur liefde, mededeelsaamheid en omgee gekenmerk sal word. Dit sal in die hiernamaals bestaan.

(10)

2.1.1 **VOORBEELD 2: BOEDDHISME**

- Volgens Boeddhisme is dit buitengewoon en baie kosbaar om as 'n mens gebore te word.
- Jy kan as so baie ander tipes wesens gebore word, maar die mens is die enigste toestand waar geestelike ontwikkelingverligting/ontwaking moontlik is.
- Die primêre verantwoordelikheid van elke mens is om geestelik te ontwikkel.
- Dit is om ook die weg na geestelike ontwikkeling met ander te deel (Bodhisattva).
- Al die ander goed is sekondêr en buitendien tydelik.
- Volgens Boeddhistiese leringe is dit nie genoeg om lyding in die toekoms te elimineer nie, dit moet nou verminder word.
- Dit word bereik deur ware dissipline te beoefen en geestelik te ontwikkel (die Agtvoudige Weg).

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

'n Maksimum van 8 punte kan toegeken word indien Of die Plek of Verantwoordening bespreek is nie.

(10)

- 2.1.2
- Boosheid is nie 'n probleem volgens Boeddhisme nie, oningeligtheid/onkunde is wel.
 - Boeddhisme beskou mense as basies goed, maar onbewus van hulle potensiaal.
 - Boosheid het geen oorsprong nie, want die werklikheid self het geen oorsprong nie.
 - Die werklikheid en sy oningeligte inwoners strek oneindig in die verlede terug.
 - Boeddhas verskyn om mense te wys hoe om aan die lyding, wat die werklikheid kenmerk, te ontsnap.
 - Mense is oningelig oor hoe die heelal werk, m.a.w. die tydelikheid van die heelal. Hulle begeer materiële dinge (verknogtheid).
 - Om hierdie dinge te kry, is hulle nie net bereid om self swaar te kry nie, maar ook om ander mense te laat swaarkry.
 - Onkunde lei daartoe dat mense hulleself as permanente, los entiteite beskou en ontken ook dat hulle dae gevolge het.

LET WEL: 'n maksimum van 10 punte mag toegeken word as no nie bespreek is nie.g die oorsprong nog die rolle

(14)

- 2.1.3
- Boeddhisme leer dat herlewing na herlewing vir geestelik onontwikkelde wesens voorkom.
 - Die herlewing van geestelik onontwikkelde wesens kan soms in 'n beter of slegter omstandighede plaasvind.
 - Geestelik ontwikkelde/Verligte wesens, soos Boeddhas, kan die proses van herlewing sien, besef hoe sinloos dit is, en uittree.
 - 'n Boeddha is iemand wat so geestelik ontwikkel is dat hy nirvana bereik het (verlos van lyding).
 - Nirvana is nie om in die teenwoordigheid van God te wees nie, met God saamsmelt of in 'n hemelse wêreld te leef nie. Dit is 'n staat van perfekte geluk en vrede.
 - Wanneer 'n persoon 'n staat van Boeddhaskap bereik, beskou hy/sy individualiteit as 'n illusie.
 - Die kommer oor individuele oorlewing na die dood is nie ernstige aandag werd nie.

(10)

- 2.2
- **Grammatika en historiese konteks**
 - Jy moet die grammatikareëls en historiese feite volg om heilige tekste te vertolk/interpreteer.
 - Dit is ook baie belangrik om die konteks (situasie of omgewing) waarin die woorde gebruik is, te verstaan.
 - **Duidelikste betekenis**
 - Jy moet die letterlike betekenis van die woorde gebruik, verstaan. Die klaarblyklige/begryplike betekenis moet gebruik word. Die help om die gebruik van allegorie, wat neig om die oorspronklike betekenis van die spesifieke teks verdraai, te vermy.
 - **Plan, doel en teks**
 - Jy moet 'n skryfstuk as 'n geheel beskou. Dit sal jou help om nie die teks buite konteks te vertolk nie.

- Jy moet die plan en die struktuur van die teks ken. Om die plan, doel en teks te verstaan, help om die oorspronklike doel van die skrywer te bewaar.
- **Figuratiewe betekenisse**
- Dit is uiters belangrik om te weet dat sommige frases in enige teks figuratief of nie-letterlik is nie.
- Die sigwaardebenadering tot die vertolking van die teks is baie problematies en misleidend en kan tot die verdraaiing van die waarheid lei.
- **Ander heilige tekste**
- Geloofwaardige kommentaar, vakkundige woordeboeke en ander heilige boeke van dieselfde godsdiens kan vir teksverklaring gebruik word.

(16)
[50]**VRAAG 3**

- 3.1 3.1.1 **LET WEL: As die kandidaat slegs oor EEN tak geskryf het, moet krediet gegee word waar die feite UNIEK is, sodat die spesifieke tak 'n maksimum van 8 punte kry. Twee punte elk word toegeken vir die noem van die twee takke**

VOORBEELD 1: ISLAM

- **SOENNI-ISLAM**

- Die Soenni-vertakking glo dat al die leringe wat in die boeke van Hadith vervat is, ewe belangrik is.
- Soenni's volg die leringe van geleerdes uit die 7de en 8ste eeu asook moderne geleerders.
- Soenni's aanvaar nie dat die kalief slegs uit die Profeet se familie kan kom nie.

- **SJIA-ISLAM**

- Die Sjia-vertakking beskou die leringe van Muhammad, wat deur familieleden opgeneem is, as meer belangrik.
- Die Sjia's volg slegs die leringe en opinies van geleerdes wat leef/lewendig is.
- Die Sjia's glo dat die laaste kalief van die Profeet se familie in 'n grot weggesteek is, en eendag as leier sal verskyn.

(14)

- 3.1.2 **LET WEL: Indien die kandidaat slegs EEN tak bespreek het, moet krediet gegee word waar die feite UNIEK is aan daardie tak.**

'n Maksimum van 8 punte word in so 'n geval toegeken.

SOENNI-ISLAM

- Daar is geen geestelikes in Soenni-Islam nie.
- Godsdienstige strukture is gemeenskapsgebaseerd.
- Die geleerdes van Soenni-Islam en gemeenskapslede dien op bestuursrade van moskees, madrassas en skole.
- In Soenni-Islam is 'n imam enige geleerde persoon wat die gemeentegedeb lei.

SJIA-ISLAM

- Hulle glo die afstammeling van Muhammad is die goddelik aangewese imams.

- Hulle reserveer die titel imam vir sekere gewese leiers wat glo deur Allah gekies is.
- Bestuur van godsdienstige strukture is in die hande van mo(e)llas (godsdienstige leiers).
- Die mo(e)llas het ook heelwat politieke invloed. (14)

3.1.1 **VOORBEELD 2: CHRISTELIKE GODSDIENS**

- **ROOMS KATOLIEKE KERK**
- Hulle glo dat God uit drie Persone bestaan (Drie-eenheid).
- Die Katolieke Kerk beskou homself as die enigste oorspronklike Christelike Kerk wat deur Jesus Christus gestig is.
- Hulle glo almal is in sonde gebore as gevolg van Adam en Eva se ongehoorsaamheid aan God.
- Die Katolieke Kerk leer dat die Heilige Gees van God die Vader en God die Seun kom.
- **OOSTERS-ORTODOKS**
- Hulle glo hulle is die regverdig geleide kerk.
- Hulle leer dat die Heilige Gees slegs van God die Vader kom, nie van die Seun af nie.
- Hulle glo die Pous het die leringe van die Christelike godsdiens verander.
- **PROTESTANTISME**
- Hulle leer dat geloof die sleutel tot verlossing is.
- Hulle leer ook dat rituele minder belangrik as geloof is.
- Hulle glo dat verlossing 'n geskenk is wat vrylik deur die werk van Jesus Christus aan die kruis gegee word.

LET WEL: Twee punte word toegeken vir die noem van elk van die twee vertakings (14)

3.1.2 **ROOMS KATOLIEKE KERK**

- Politieke beheer is tradisioneel en die hoofkantoor is in Rome.
- Die hoof van die Katolieke Kerk is die Pous.
- Daar word gesê dat die eerste Pous Sint Petrus was.
- Die Katolieke Kerk het baie ordes met monnike, priesters, Kloostermonnike en nonne.
- Alle Katolieke word deur die Vatikaan bestuur/beheer.
- Bestuur is hoogs geformaliseer.

OOSTERS-ORTODOKS KERK

- Politieke beheer was oorspronklik in Konstantinopel (deesdae Istanboel in Turkye).
- Die kerkstruktuur bestaan uit priesters en biskoppe.
- Daar is nie net 'n een enkele leier nie.
- Gesag in die kerk is in die hande van 'n groep biskoppe.
- 'n Bisdom (Gemeente) is 'n groep gemeentes onder die leierskap van die biskop. (14)

PROTESTANTISME

- Die Kerke word deur ingewyde predikante en verkose ouderlinge of biskoppe bestuur/beheer.
- Die oorhoofse beheer is deur 'n hoër gesag, soos die sinode of die algemene sitting, met 'n biskop as voorsittende beampte/moderator.
- Die kerke is nie aan enige hoër gesag as die gemeente verantwoordelik nie.

3.2

VOORBEELD 1: ISLAM

- Na die dood van die Profeet, het een groep Moslems die Profeet se boesemvriend, Abu Bakr, as die kalief verkies.
- 'n Kleiner groep het nie met die besluit saamgestem nie, want hulle het geglo dat leierskap binne die Profeet se familie moes bly.
- Hulle het geglo dat Ali, as die Profeet se naaste familielid, die goddelike reg op die posisie van kalief gehad het.
- Die groep wat Ali ondersteun het, het as Sjia bekend geword, terwyl die groep wat Abu Bakr ondersteun het, as Soenni bekend geword het.
- Die Soenni het die verantwoordelikhede van die kalief as blote administrasie van gemeenskapsake beskou, nie as voortsetting van die Profeet se werk nie.
- Hulle het geglo dat die kalief nie enige goddelike leiding gehad het nie.
- Die Sjia het geglo dat die kalief, wat leier en leermeester was, goddelike leiding gekry het en daarom onfeilbaar was.

VOORBEELD 2: CHRISTELIKE GODSDIENS**Die Oos-Wes Verdeling**

- Die Christelike godsdiens was nooit 'n monolitiese geloof nie.
 - Daar was baie verskille tussen groepe Christene.
 - Alhoewel die kerk in twee groot subgroepe verenig was, naamlik die Oosterse en die Westerse tradisies.
 - Hierdie twee groepe het geskeur in wat die 'Groot Skeuring' genoem word.
 - Die Rooms Katolieke en Ortodokse tradisie is gevorm.
 - Die groepe het geskeur a.g.v. argumente oor die oppergesag waarop die Pous in Rome aanspraak gemaak het.
 - Die ander rede is dat die Katolieke Kerk verkondig dat die Heilige Gees van die Vader en Seun kom, terwyl die Oosterse Kerk verkondig dat die Heilige Gees van God die Vader kom, en nie van die Seun nie.
- Die Opkoms van Protestantisme**
- Protestante het in 1517 van die Katolieke Kerk weggebreek nadat 'n Duitse teoloog en hervormer, Martin Luther, sy 95 stellings aan die deur van die Katolieke Kerk in Wittenberg vasgespyker het.
 - In sy stellings het hy gesê dat mense deur hulle geloof in Jesus en die genade van God gered word, nie deur hulle dade nie.
 - Hy het ook gesê dat geskifte, en nie die Pous nie, die finale gesag oor alle geloofsake het.
 - Diegene wat Martin Luther se leringe gevolg het, het teen die Rooms Katolieke Kerk geprotesteer en hulle is Protestante genoem.

(10)

- 3.3
- Dit verwys na die asem (mag) van 'n buitengewone wese wat beheer oor die asem van 'n ander persoon oorneem.
 - In die meeste godsdienste is daar stigtersfigure wat volgens hulle volgelingen deur 'n hoër mag of wysheid geïnspireer is.
 - Figure wat baie geslagte volgelingen geïnspireer het, sluit Moses, Confucius, Muhammad, ens. in.
 - Die inspirasie van hierdie figure word deur hulle volgelingen as direk en onmiddellik aanvaar.
 - Daar word geglo dat hierdie figure van aangesig tot aangesig met God was.
 - Daar word ook geglo dat hulle hulle boodskappe direk van God ontvang het.
 - Die volgelingen van verskillende godsdienste glo dat sulke oorspronklike inspirasie agter hulle godsdienstige boeke lê.
 - Daar kan gesê word dat inspirasie die ware oorsprong van alle godsdienste is.
 - Nie al die name van die geïnspireerde figure van al die godsdienste is bekend nie, bv. Hindoeïsme.
 - Daar word gesê dat kontemporêre inspirasie (dit was deurlopend is) tussengangers, soos sjamane en goddelikes beïnvloed.
 - So-genaamde inspirasie kan gebruik word om volgelingen van 'n geloof te mislei.

(12)
[50]**VRAAG 4****4.1 VOORBEELD 1:**

- Bosnië

(2)

- 4.2
- Daar is baie oorsake vir die konflik, maar politieke en stamverdelings hou al vir eeue hierdie konflik aan die gang.
 - Voor die koms van Islam was die gebied meesal Christen.
 - Baie mense het gedurende die tydperk van Moslem-uitbreiding meer as 1 000 jaar gelede, hulle na Islam bekeer.
 - Die bevolking is tussen Moslems en Christene verdeel.
 - Mense wat in Bosnië woon, is meesal Moslem, en mense wat in die Serwiese gebied woon, is meesal Christene.
 - Gewapende konflik het in die 1990's begin, na die opbreek van die Sowjetunie.
 - Die burgeroorlog was tussen oorwegend Christen-Serwiërs teen oorwegend Moslem-Kroate, en Christen- en Moslem-Bosniërs teen mekaar.
 - Hierdie verdelings het vir politieke en godsdienstige oorheersing geveg.
 - Die gevegte in die Balkan was uiters wreedaardig en Moslems was aan die ontvangskant van die wreedheid.
 - Duisende mans en seuns is tereggestel en vroue is gereeld verkrag.
 - Die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) het ingetree en die konflik tot 'n einde gebring.

(16)

- 4.3
- Godsdienst was 'n belangrike faktor in die konflik.;daarom is idt nie 'n suiwer religieuse oorlog nie.
 - Geen poging is aangewend om mense te bekeer nie.
 - Die konflik was tussen hoogs nasionalistiese Christen-Serwiërs en Moslems aan die ander kant.
 - Die Christen-Serwiërs het 'n veldtog van 'etniese suiwering' gebring teen die Moslem-bevolking, wat in die minderheid in Kroasië en Bosnië was.
 - Daar was stamverwante of etniese verdeling bo en behalwe die godsdienstige konflik.
 - Politiek was ook deel van die konflik.
 - Daar was skeuring tussen diegene wat Duitsland gedurende die Tweede Wêreldoorlog gesteun en teengestaan het.
- (10)
- 4.4
- Die situasie is kalm, maar steeds spanningsvol.
 - Die mees ekstreme Serwiese leiers is onlangs in Den Haag aan oorlogsmisdade skuldig bevind.
 - Albanië wil 'n super-Albaniese staat, genoem Kosovo, vir Moslems op die Balkan-skiereiland skep.
 - Serwië het in die 1990's saam met Islamitiese militante van Kosovo oorlog gevoer. Hulle wou van Serwië wegbreek om hulle eie staat te vorm.
 - Die Albaniese Eerste Minister, Edi Rama, het in 2017 gesê dat 'n verbintenis tussen Albanië en Kosovo om 'n superstaat te vorm, nie uitgesluit kan word nie.
 - Serwiese minister, Aleksandar Vulin, sê dat hy van die Europese Unie en Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) verwag om sulke stellings kragdadig te verwerp om nog Balkan-konflik te verhoed.
 - Nasionalistiese ekstremiste aan beide kante druk steeds vir etniese en godsdienstige konflik in die Balkan.
- (10)
- 4.5
- Daar is drie groot godsdienstige groepe in die Balkan.
 - Daar is die Serwiese Ortodokse Kerk, Katolieke Kerk in Kroasië en Islamitiese owerheid in Bosnië.
 - Al hierdie godsdienste was faktore om die konflik vinnig aan die gang te kry en om die uitkoms te rasionaliseer.
 - Hulle het tydens die oorlog met die nasionale ideologie wat deur die etniese groepe uitgedra is, saamgesmelt.
 - Hulle godsdienstige simbole is as militêre simbole gedurende die oorlog gebruik.
 - Hierdie godsdienste het nie daarin geslaag om vrede in die Balkan-konflik te bring nie.
 - Die Katolieke biskop, Grecko Badurin van Kroasië, was na die oorlog een van die pioniers van godsdienstige vredesluiting in die gebied.
 - Hulle het intergeloofsorganisasies gestig wat humanitêre en vredeswerk doen.
 - Die krag van hierdie intergeloofsorganisasies word nog getoets.
 - LET WEL: Alle relevante antwoorde moet krediet kry.
- (12)
- 4.1 **VOORBEELD 2: AFRIKA**
- Suid-Soedan/Darfoer in Soedan
- (2)

- 4.2
- Verskuiwingslyne in die Darfoer-samelewing kan vir baie meer as 'n 100 jaar teruggespoor word.
 - Die twee hoofverdelings in hierdie land is etnies en kultureel.
 - Dit kom nie voor asof godsdiens die hoofbron van konflik is nie, alhoewel dit so beskou word.
 - Die twee hoofgroeperings in Darfoer is Arabiese stamme, 'Baggara' genoem, en baie Afrikastamme.
 - Die Janjaweed was 'n huursoldaatgroep wat deur Khartoem bewapen is. Hulle het gruweldade teen die mense van Darfoer gepleeg.
 - Die Afrikagroepe sluit die Fur, die Masalit en die Zaghawa in.
 - Nog verdelings het met kultuurkwessies te doen.
 - Die meeste mense in die gebied is Soenni-Moslems.
 - Daar is ook Christene.
 - Nomade en boere het vir baie eeue 'n poging aangewend om saam te bestaan, maar kos het skaars geword en mededinging vir skaars bronne het tot konflik gelei. Daar is dus ekonomiese redes ook.
 - Darfoer was ook die middelpunt van slawehandel in Noordoos-Afrika. (16)
- 4.3
- Godsdiens speel 'n klein rolletjie in die konflik en daarom is dit nie suiwer 'n godsdiensoorlog nie. Geen poging is deur 'n godsdiens aangewend om 'n ander een te bekeer nie.
 - Moslems het ook by die SPLA aangesluit.
 - Daar was bewyse van binnegevegte kort nadat die SPLA gestig is.
 - Die konflik in Soedan staan as die langste voortslepende burgeroorlog in die geskiedenis bekend. (*Focus*, p. 94) Die afdwing van Sjaria-wet (1983) was daarom nie die oorsaak van konflik nie, dit het net 'n broos situasie vererger.
 - Die burgeroorlog het al so ver terug as 1955 begin.
 - Daar was heelwat ander verdelings (ekonomies, kultureel en stam), wat selfs na die stigting van Suid-Soedan voortgeduur het.
 - Selfs na Suid-Soedan se onafhanklikheid van Khartoem in 2011, het gewapende konflik in die streek voortgeduur. (10)

- 4.4
- Daar is steeds konflik in Suid-Soedan, selfs na onafhanklikheid op 9 Julie 2011.
 - Tydens die 2013–2015-burgeroorlog is 2,2 miljoen mense ontwortel en het na verskillende dele van die wêreld uitgewyk.
 - Ongeveer 6 miljoen mense loop tans die risiko om van hongersnood te ly.
 - Ongeveer 70% van alle skole is gesluit weens die gevegte.
 - Daar is 'n nuwe element van etniese haat en konflik wat dit wat voorheen aangegaan het, vererger.
 - Daar is onrusbarende aanduiders van dreigende volksmoord in die land.
 - Mensregtegroeppe sê dat bewyse van oorlogsmisdade by die dag groei.
 - Die mense in Suid-Soedan is nou heeltemal van hulporganisasies afhanklik.
- (10)
- 4.5
- Die Wêreldraad van Kerke en die Afrikaraad van Kerke speel 'n groot rol in die arbitrerings van 'n korttermynvredesooreenkoms in Soedan.
 - Die meeste godsdienstige leiers aan beide kante van die dispuut poog om vrede op plaaslike vlak te onderhandel.
 - Mense of verskillende godsdienste leef selfs vandag vreedsaam binne een familie en in dorpieë saam.
 - Godsdienstige organisasies verrig steeds humanitêre aktiwiteite aan alle mense wat deur die oorlog geraak is, ongeag hulle godsdienstige affiliasie.
 - Die godsdienstige liggame het nie daarin geslaag om politieke vrede op 'n nasionale vlak te bewerkstellig nie want hulle het nie politieke mag nie.
 - Godsdienstige ekstremisme van alle godsdienste in Suid-Soedan is steeds deel van die konflik
 - .LET WEL: Ander relevante response moet krediet kry.
- (12)
[50]

VRAAG 5

5.1 5.1.1

LET WEL: Indien die kandidaat slegs EEN sekulêre wêreldbeskouing bespreek het, moet 'n maksimum van 10 punte toegeken word.

VOORBEELD 1:

- **ATEÏSME en**
- **AGNOSTISISME**
- Ateïsme ontken die bestaan van 'n opperwese.
- Agnostisisme beweer dat dit nie moontlik is om die bestaan van 'n opperwese te bewys of te weerlê nie.
- Daar is verskillende grade van ateïsme, sterk en sag.
- Sterk ateïste glo nie aan enige god nie.
- Sagte ateïste is steeds oop vir die idee van 'n god.
- Sommige Agnostici glo in 'n opperwese, maar onderskryf nie aan een religie nie.
- Hulle verwerp religieë wat daarop aanspraak maak dat hulle eksklusiewe kennis van gode/ opperwese het.
- Die verskil tussen hulle is die graad van ontkennin van 'n opperwese.

VOORBEELD 2:

- **SEKULÊRE HUMANISME en**
- **MATERIALISME**
- Sekulêre humanisme heg die grootste belang aan mense.
- Materialisme is 'n wêreldbeskouing wat glo dat stof/materie die enigste werklikheid is.
- Daar is baie verskillende vorms van humanisme wat almal 'n gemene oortuiging het dat mense van die grootste belang is. Verwys na intellek/rede.
- Materialisme is 'n konsep wat gebruik word om die mens se geskiedenis volgens dialektiese materialisme en historiese materialisme te beskryf.
- Sekulêre humanisme het in die rigting van 'n liberale beskouing van menseregte ontwikkel.
- Sekulêre humanisme is nie besonder anti-godsdiens nie.
- Materialisme is strydig met godsdienstige wêreldbeskouings, wat op geloof in óf 'n goddelike wese óf 'n geestelike werklikheid gegrond is.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet krediet kry.

(16)

5.1.2 **GODSDIENS**

- In godsdienstige samelewings is daar klem op persoonlike morele ontwikkeling.
- Alle godsdienstige lesings beklemtoon dat beter gedrag nodig is.
- Alle godsdienste leer dat jy beloon word vir goeie dade en dat boosheid negatiewe gevolge het
- Wanneer godsdienstige mense 'sedes' sê, bedoel hulle dat jy volgens die leringe van hulle heilige boeke moet leef.
- Deurlopende herhaling en internalisasie van wette en reëls vanaf kindsbeen help om moraliteit te verbeter.
- Godsdienste het 'n groot hoeveelheid literatuur oor die pad wat 'n mens vir morele hervorming moet stap.
- Alle godsdienste leer dat seks voor die huwelik 'n sonde/taboe is. Dit beïnvloed die sedelik/morele gedrag van die gemeenskap op 'n positiewe wyse.
- Wat ons deesdae 'sedes' noem, was oorspronklik die leringe van godsdienstige leiers. (2x6)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry

(12)

SEKULÊRE WÊRELDBESKOUIING

- Mense kan keuses maak, gebaseer op rede.
- Realiteit/Werklikheid gee ons 'n standaard waarvolgens ons goed of sleg kan onderskei; dus is moraliteit 'n werklike verskynsel/fenomeen.
- Dit is nie moeilik om 'n samelewing te bedink wat geen godsdienste het nie, maar wel moraliteit en 'n regstelsel.
- Daar is ook mense wat hoë morele waardes het, maar geen godsdienstige geloof nie.
- Daarenteen is daar godsdienstige leiers wat immoreel is.
- Die 'utilitêre beskouing' is 'n gewilde etiese posisie waar moreel korrekte optrede gedefinieer word as daardie aksie/optrede wat die grootste hoeveelheid geluk of plesier vir mense beïnvloed.
- Volgens sekulêre wêreldbeskouings is die kennis van reg of verkeerd in mense ingebore.
- Mense kan nie saam bestaan as hulle meeneed, diefstal, moord, verkragting, ens. toelaat nie.
- Sekulêre morele realiste beweer dat hulle goed doen ter wille van goed doen en geluk. Daar is geen nodigheid vir 'n god/goddelike wese nie.
- Moraliteit is oor die maak van keuses gebaseer op onafhanklike oordeel en enige geloofstelsel waar hierdie kernverantwoordelikheid ondermyn, is immoreel.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet krediet kry. (2 x 6)

(12)

- 5.2
- Die Oerknalteorie leer ons dat die heelal 14 miljard jaar gelede begin uitbrei het en warmer en warmer geword het totdat 'n ontploffing plaasgevind het.
 - Alle stof/materie in die heelal het onmiddellik na die 'oerknal' uit 'n baie warm plasmamengsel bestaan.
 - Die baie warm plasmamengsel het mettertyd afgekoel.
 - Die klusters het voortgegaan om saam te koek en uiteindelik sterrestelsels gevorm.
 - Van die sterrestelsels het in 'n kombinasie van sterre gekondenseer wat 'sonnestelsels' genoem word.
 - Die Aarde het ongeveer 4,5 miljard jaar gelede gevorm en daarna het lewe ontstaan.
 - Uit hierdie plasmamengsel het deeltjies en atome ontstaan waaruit die aarde en alles in die heelal bestaan.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(10)

5.3 **CHRISTELIKE GODSDIENS/JUDAISM**

- Hulle glo wat in die Boek Genesis staan – dat God die heelal in ses dae geskep het.
- Die heelal is perfek geskep, so ook die mens.
- Die Oerknalteorie erken nie die bestaan van God nie, so dit moet verwerp word.
- Die Oerknalteorie val die fundamentele leringe van hierdie godsdienste aan, die 'skeppingsmite'/Kreasionisme.
- Hulle glo dat hulle verhaal oor die skepping geskryf is deur diegene wat in voeling met die fundamentele werklikheid is, dit is dus ondenkbaar dat God sou toelaat dat mense foute maak.
- Hulle glo dat die heelal onder die beheer van die Skepper is.
- Hulle glo dat die heelal wat ons sien, deur die wil van God sal ophou bestaan aan die einde van die tyd.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. Indien 'n kandidaat slegs EEN religie bespreek, moet 'n maksimum van 8 punte toegeken word.

(12)

[50]

TOTAL: 150